**2 Februarie** **Skrifgedeelte: Miga 7:18-20**
**Fokusgedeelte: Miga 7:18-20**

**God se liefde en trou is ewig**

Hoe is die mens? Is ons vol liefde en trou? Nee, ons liefde teenoor God en mense is wisselvallig. Ons doen dikwels kwaad aan mekaar. Ons vergeet van mekaar. Ouers verwerp hul kinders en kinders verlaat hul ouers. Mense kan baie hard, liefdeloos en onbarmhartig wees!

Hoe is ons hemelse Vader? Ons teksverse en die boek Miga openbaar Hom aan ons. Ja, God is regverdig en konsekwent en daarom straf Hy volhardende sondaars. Miga praat baie hiervan. God keer die bose mense se land om. Hy vernietig hul besighede en valse hoop. Boses bedreig immers sy koninkryk.

Miga ken egter nog ’n kant van God. Ons Here is ook vol genade en barmhartigheid. Hy bring sondaars tot insig en bekering. Só groot is die genade van God dat Hy sy eie Seun gestuur het om al ons sondes en skuld te kom dra.

In Christus ontvang ons ware hoop en ’n ware toekoms. Al wat ons hoef te doen is om te glo en te aanvaar dat Christus deur die Vader gestuur is. Wie dit doen, word rein, soos Jesus rein is. Wie dit doen, word ook verander na die beeld van Christus. So word ons self mense van volhardende liefde, trou en genade.

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*